

i

Johannesburgse Afrikaanse Sakekamer

// //I/// %i-\202/i-\202 â\200\231/;Z{////////â\200\235â\200\235â\200\235â\200\235â\200
\235 ///7// / o ///I/Ij,;,////;/// :

/i
I

-

I

MEI 1985

Posbus 61021, Marshalltown 2107, Telefoon 331-7521

JAARVERGADERING

Die algemene jaarvergadering van die Johannesburgse
Afrikaanse Sakekamer het plaasgevind op 25 April in die
Rosebank Hotel.
250 Persone het die byeenkoms bygewoon, waartydens meneer
Wynand Harmse uitgetree het as voorsitter en meneer Carl Taljaard
van CML Taljaard en Seun verkies is tot voorsitter vir 1985/86. Die
Bestuur sien nou soos volg daaruit:

Mnre C M L Taljaard (Voorsitter)

J J de Bruyn (Vise-voorsitter)

G G Huysamer

HLJ Louw

H D Marais

L C Geldenhuys

G J Hugo

L Joubert

A Keyser

J P Myburgh

P de V Rademeyer

P H van Huyssteen

J J van Vuuren

Mev R Venter

Dr P J D Viljoen

Jaardinee 1985

Sy Edele die Staatspresident sal
vanjaar die eregas en spreker wees

tydens die Jaardinee wat plaasvind
op 7 November 1985.

Mev Annette Taljaard oorhandig 'n geskenk aan Mev Ninnie Harmse tydens die Jaarvergadering

Beslote
Korporasies

Nuusbrief Nr 5/1984 bevat 'n uiteen-
setting met betrekking tot Beslote
Korporasies. Die verwysing na die
feeskomitee in die laaste twee reÃ©ls
op bladsy 8 van die Nuusbrief het
ingeglip in die plek van 'n erkenning
aan ons Ouditeure Brink, Roos & Du
Toit wat die stuk opgestel het.

Met verskoning aan Brink, Roos &
Du Toit wil ons graag die oorsig
regstel.

%////////'Â«;W/M////////L;â\200\235//////// //////////////// / W Y //i¬\201;/

MEI 1985

â\200\230N AFSKEIDSWOORD

Meneer W J J Harmse het op
die 3de Mei 1984 die dertigste
voorsitter van die J A S
geword. Ons as bestuur en
lede van die J A S sÃ© baie dan-
kie aan Wynand vir sy onbaat-
sugtige diens wat hy, die
afgeloop vyf jaar as bes-

tuurslid, aan die lede van JA S
gelewer het.

Ons het hom leer ken as 'n man met
onkreukbare integriteit, wat onder
alle omstandighede lojaal teenoor
die JA S opgetree het. Sy vrien-
delike en innemende persoonlikheid
het dit vir almal van ons maklik en
aangenaam gemaak om saam in 'n
bestuurspan te kon werk.

Ons sê baie dankie aan 'n voorsitter
wat deurlopend met sy voorbeeld
en optrede, respek by almal afge-
dwing het.

Sy onwrikbare geloof in die saak wat
hy gedien het, het aan hom stukrag
verleen om met volharding en deur-
settingsvermoë voort te gaan om 'n
taak suksesvol deur te voer.

Aan sy eggenote, Ninnie, wil ons
ook sê baie dankie vir al die jare, en
in besonder gedurende Wynand se
voorsittersjaar, wat sy hom so ge-
trou, met groot toewyding en
entoesiasme bygestaan het.

Wynand en Ninnie, ons sal julle mis
waar julle nou amptelik uit ons be-
stuursgeledere vertrek het. Ons bede
is: dat julle die nuwe uitdagings wat
nou vir julle wag, met dieselfde
entoesiasme sal aanpak as in die
verlede, en dat julle veel lewens-
vreugde uit die jare wat voorlê, sal
put.

â\200\230N TOEKOMSBLIK

Die oomblik van stilstaan en
terugdink by die uittrede van
ons vorige voorsitter, gee aan
ons ook die geleentheid om
vorentoe te kyk.

Die jaar 1985/86 sal besondere eise
aan elke sakeman- en vrou stel.
Suid-Afrika het positiewe denke en
doelgerigte optrede nodig â\200\224 nie 'n
fatalistiese gees van paniek nie.
Nuwe benaderings en veranderde

metodes moet geduld word, om die
nuwe uitdagings die hoof te bied, al

gaan dit gepaard met konflik en
spanning. Om die nuwe uitdagings
die hoof te bied, sal daar besondere
insette deur die JA S gemaak moet
word, wat veel van ons almal sal ver-
eis. Daar is baie vraagstukke waar-
mee ons vanjaar sal worstel. Mag
ons die probleme as uitdagings be-
skou!

Dit is ons taak as sakelede om die

probleme positief en daadkragtig te benader, ten spyte van die streng monetêre en fiskale beleid.

Die afgelope Sakekamer jaar het die Suid-Afrikaanse ekonomie die wind in feitlik elke opsig sterk van voor gehad. Die afgelope jare het ons 'n sterk insinking in die ekonomie ondervind, waaroor Suid-Afrika geen beheer het nie. Die ernstige droogte die afgelope vier jaar, die daling in die prys van goud en swak internasionale handelstoestande en hoë rentekoerse het die gevolg gehad dat die reële bruto binnelandse produk vir reeds twee jaar agtereenvolgens gedaal het. Die verwagting is egter dat rentekoerse binnekort sal begin daal en ondervind ons ook nou reeds aansienlike verbetering in die uitvoerhandel wat gepaard gaan met heelwat minder invoerhandel. Op die horison is die ekonomiese verbetering dus reeds merkbaar.

Ek voorsien nie â\200\231â\200\230n jaar van ekonomiese vuurwerke nie, maar is optimisties en positief dat die huidige maatreëls wat deur die owerheid getref is, wel 'n verbetering in ons land se ekonomiese aktiwiteite sal meebring. Ons as

sakelui sal egter met alles in ons vermoë moet veg teen die inflasie vraagstuk waarmee ons te kampe het. Produktiwiteitsvlakke moet verbeter word deur die behoorlike benutting van kapitaal en materiaal â\200\224 dade nie woorde nie!

Gedurende Maart 1945 is J A S gestig met slegs 16 lede â\200\224 die eerste Afrikaanse Sakekamer in die land.

As steeds die grootste Sakekamer in die land is dit ons strewe om voortdurend op die suksesse van die verlede te verbeter en die Sakekamer se uiteenlopende belange te bly ontwikkel deur die effektiewe aanwending van 'n uiters bekwame bestuur.

Besondere klem sal vanjaar op die gehalte van dienslewering geplaas word. As bestuur wil ons ook vanjaar 'n spesiale poging aanwend om ons ledetal van maatskappye en persoonlike lidmaatskap uit te brei. Ons wil gebruikmaak van al die kundige persone in Johannesburg om aktief op ons komitees te dien en saam te werk aan gemeenskaplike doelwitte. Vir hierdie doel is daar vanjaar tien komitees saamgestel wat met die leiding van uiters bekwame voorsit-

ters en vise-voorsitters sal omsien
na die behoeftes en belange van ons
sakelede.

Gesprekvoering met al die
Witwatersrandse lede van die Parle-
ment sal vanjaar op â\200\230n meer
gereelde en vaste grondslag voort-
gesit word. Ons as sakesektor
moet die geleenthede benut wat die
nuwe konstitusionele ontwikkeling
en desentralisasie van gesag, veral
op derdevlak-regering, bied.

Vervolg op bladsy 3

PF (OFESSIONELE
AANSPEEKLIKHEID
VIR PROKUREURS
EN INGENIEURS

â\200\230Gesels met u makelaar

I LS Intercom 44/2528/6

MEI 1985

Nuusbrief

Vervolg van bladsy 2

As voorsitter, sien ek met vertroue en afwagting uit na die J A S se aktiwiteite vanjaar. Soos in die verlede, sal ons as bestuur steeds daaraan wy om die belange van ons lede te behartig na die beste van ons vermoë, en op 'n nugtere en verantwoordelike wyse die J A S te laat geld in die Suid-Afrikaanse sakewêreld.

Ons as 1985/86 bestuur sal voortbou op die hegte fondament wat in die afgelope 40 jaar gelê is. Mag ons, van die J A S waarvan u die lede is, deur middel van begrip, samewerking en die leiding van ons Skepper, andermaal 'n sukses maak van die eise wat steeds meer word.

By voorbaat baie dankie vir u lojaliteit en ondersteuning aan die aktiwiteite van ons Sakekamer.

PRIVATISERING

Tydens die meneer tredende Voorsitter die volgende gesê:

jaarvergadering het Wynand Harmse, Uit-

Ek dink ons stem almal saam dat indien privatisering kan bydra tot laer Staatsuitgawe, dit besliste basiese voordele inhou want daar is seker niks wat investering (en dus ook die skep van werksgeleenthede wat daarmee gepaard gaan), so ontmoedig as hoë belastings nie. Die hoë belastings wat 'n klein groep individue, wat die dryfveer agter innovasie en hoër doeltreffendheid moet wees, dra, is juis kommerwekend.

Mens merk egter in sekere artikels oor privatisering, 'n effense venyn asook 'n meerderwaardigheids-houding in die pleidooie om privatisering van Staatskorporasies

en van sekere Staatsdepartemente.

Die indruk wat mens uit van die artikels kry is dat die Staatsinstellings en hul besture onbeholpe is en dat betrokkenheid van die privaatsektor alles soos 'n towerstaf kan verbeter.

Ek dink dat, in die benadering tot hierdie saak, die volgende aanvaar moet word:

(a) die besture en personeel van die instellings, streef nes dié in die privaatsektor, na groter doeltreffendheid. Hulle werk en dink hard om dit te bewerkstellig. Daar is baie kundige en toegewyde mense by hierdie organisasies in diens; _

(b) van die betrokke instellings en dienste â\200\224 sommige uiters strategies vir Suid-Afrika â\200\224 sou waarskynlik nie vandag bestaan het as die Staat nie die instelling daarvan geïnisieer en onderneem het nie. Daar was dus ook vÃ©rsiendheid aan Staatskant en â\200\230n bereidwilligheid om risiko te neem;

(c) dat die Staat nie privatisering inbeginsel teenstaan nie.

Wanneer die Raad op Mededinging sy Regeringsopdrag voltooi het, gaan Suid-Afrika ongetwyfeld anders daar uitsien. Die Staat word self nie onaangeraak in hierdie oefening nie.

Verder moet die privaatsektor erken dat die stelsel van private inisiatief nie altyd ideaal in Suid-Afrika werk nie, en dat die privaatsektor ook dikwels onbeholpe is en die verbruiker nie waarde vir sy geld gee nie. Verder weet ons almal dat produktiwiteit en tendense in hierdie verband, ook op bestuurdersvlak, ook in die privaatsektor in Suid-Afrika, swak vergelyk met dié van ons handelsvennote. Dit is immers een van ons heel grootste ekonomiese probleme. Die vraag word ook dikwels gevra of die groot, sterk monopolistiese privaatsektororganisasie meer motivering het om noodwendig meer doeltreffend as 'n Staatskorporasie te wees.

Ek het interessantheidshalwe by 'n paar Staatskorporasies inligting oor hul prysverhogings die afgelope paar jaar, ingewin, want mens hoor maar gedurig van die groot rol wat geadministreerde pryse op inflasie

het.

Die Poskantoor se gemiddelde tariefverhogings was feitlik deurgaans laer as die inflasiekoers. Met â\200\230'n basis van 100 in 1975, staan Poskantoor tariewe in 1985 op 193

â\200\231

teenoor n gemiddelde verbruikersprysindeks van 325 in 1985. Terloops die indeks van produksiepryse van goedere geproduseer in die Fabriekswese-kategorie was tot einde verlede jaar nog feitlik dieselfde as die Verbruikersprysindeks.

EVKOM

EVKOM se verhogings was egter aansienlik hoër oor hierdie tydperk en indeksgewys kom dit volgens my berekening op 420 te staan. Dit was hoofsaaklik EVKOM se kapitaalfinansieringsbeleid wat in die drie jaar 1975 â\200\224 1977 'n totale prysaanpassing van 90% geverg het. Behalwe in 1982 en 1983 was verhogings in ander jare matig en onder die inflasiekoers en 'n vergelyking met die inflasiekoers, met 1978 as 'n basis, verander die prentjie; in EVKOM se guns.

Wat SA Vervoerdienste betref staan gemiddelde tariefverhogings, met basis 100 in 1975, nou op 281 teenoor die inflasie-indeks van 325 gemiddeld vir 1985. Die afgelope 2 jaar se verhogings was albei onder 8%.

Die SAUK se totale lisensiegeld per huishouding vir radio en TV tesame, is ten spyte van aansienlike uitbreiding in dienste, tans maar sowat 5% hoër as in die beginjare van TV â\200\224 nege jaar gelede â\200\224in die reële terme 40% van wat dit toe was. Aan advertensiekant, die SAUK se hoofbron van inkomste, vergelyk stygings in die basis-tarief, dit wil sê die kosteper-duisend luisteraars/kykers per 30-sekonde flits gunstig met die vergelykbare tariefverhogings van die Perswese. As ek 1978, die beginjaar van TV-advertensies as basis gebruik, het TV1 se basis-koste indeks tot 169 gestyg en radio nog ietwat laer, vir 'n gemiddeld van 166 â\200\224 teenoor stygings in die Pers wat wissel tussen 174 tot 260.

Ek dink die Staatskorporasies in die algemeen, en dan sluit ek die SA Vervoerdienste en Poskantoor daarby in, pas nou almal moderne

bestuursbeginsels toe asook 'n baie groter besigheidsbenadering in die bedryf van hul organisasies. Strategiese beplanning is nie 'n vreemde begrip nie en prestasiemeting en prestasienorme word al hoe meer self toegepas. Daar het 'n wesensverskil ingetree. Inkomste dit wil sê tariewe word nie bloot verhoog om by uitgawe aan te pas nie, maar die uitgawekant kry Bestuur se aandag.

Vervolg op bladsy 4

N Wï¬\2021////////, ,////i¬\2021// /I/// /{,â\200\231,â\200\231,â\200\231////////, %////u///,
uWWIW 'm// &

MEI 1985

Vervolg van bladsy 3

SAAMEWERKING

Ek noem al hierdie dinge, dames en here, nie net om prestasie te toets nie, maar met 'n spesifieke doel, met die oproep dat ons die debat rondom privatisering eerder moet gebruik om privaatsektor en Staat nader aan mekaar te trek want kommunikasie, onderlinge begrip en samewerking is noodsaaklik. 'n ONS versus JULLE-benadering, moet probeer vermy word, want uiteindelik is albei â\200\224 privaatsektor en Staat â\200\224 deel van 'n totale stelsel in Suid-Afrika, met 'n groter interafhanklikheid.

Met inagneming en ten spyte van alles hierbo gesê, bly dit egter 'n bewese feit dat die stelsel van private inisiatief oor die wêreld vir hoër produksie sorg.

Soos ek dit sien â\200\224 as ons van privatisering praat om hoër doeltreffendheid te bewerkstellig â\200\224 gaan dit nie (soos dikwels beweer word) primêr om kundigheid van spesifieke mense nie, maar om 'n baie diep verskil in die wese en siel van die verskillende soort organisasies â\200\224 van die stelsels as sulks. Die mens is 'n aanpasbare wese. Net soos wat hy anders reageer as 'n tier op sy spoor is as wanneer â\200\230n haas agter hom is, of net soos 'n atleet sy beste prestasie teen sterk kompetisie lewer â\200\224 net so reageer 'n mens in sy werksituasie anders wanneer daar spesifieke prestasie van hom vereis word â\200\224 en veral as sy voortbestaan in gevaar kan kom indien hy sou faal in sy opdrag. En hy reageer ook anders as daar â\200\230n groot verskil is in beloning tussen besondere sukses en matige sukses (om nie van mislukking eers te praat nie).

Risiko, beloning en die eise maar ook die drang om jou mededinger se prestasie te klop, is elemente wat hoofsaaklik in die privaatsektor aanwesig is en wat meer uit meeste mense haal (veral innovasie-gewys)

as wat hulle daarsonder in staat is. Hierdie kan ons sÃ©, is adrenalien-verskaffers vir die brein, veral waar mededinging hoog is.

Bloot geoordeel aan die natuur van die mens, moet ons normaalweg dus hoÃ©r produksie en doeltreffendheid in die privaatsektor as in die openbare sektor, kan verwag. In dieselfde asem moet ons erken dat daar, veral tans, 'n ander soort druk op die nie-privaatsektor-organisasies is om prestasie te verhoog.

DOELWITTE

Dit is sekerlik nie bloot toevallig nie dat daar in die aanhef van ons land se nuwe Grondwet, dit as â\200\231'n nasionale doelwit gestel word â\200\234om private inisiatief en effektiewe mededinging te bevorder.â\200\235 Daar is 'n erns met hierdie doelwit want dit staan daar met sewe ander nasionale doelwitte soos onder andere om Christelike waardes en beskaafde norme te handhaaf; om onafhanklikheid van die regbank en gelykheid voor die gereg te handhaaf; om wet en orde te handhaaf; om die selfbeskikking van bevolkingsgroepe te eerbiedig, ens. Ek vertolk die doelwit as dat die staat sy eie rol in die ekonomie so klein moontlik wil sien.

Daar is die afgelope tyd 'n wÃ©reldwye neiging om Staatskorporasies/maatskappye en/of elemente van Staatsdiens-aktiwiteite te privatiseer, of ook anders gestel, te denasionaliseer. In artikels oor die privatiserings-tendens word daar talle voorbeelde aangehaal om te toon dat Suid-Afrika ook nou moet wakkerskrik â\200\224 maar baie daarvan is bedrywe wat in Suid-Afrika in elk geval nog altyd in die hande van die privaatsektor was. In totaal beskou, glo ek nie Suid-Afrika is sover agter wat private inisiatief betref nie, veral nie as ons die fase van ontwikkeling waarin ons land is, in ag neem nie. (Ons het ons strategiese eie oliebed-

ryf (SASOL) geprivatiseer voordat j die Britte dit met hulle sin gedoen het!).

Dit is veral in Engeland waar daar die afgelope paar jaar 'n grootse poging tot privatisering is. Mev Thatcher huldig die standpunt dat â\200\234reduction of State power always increases the individualâ\200\231's freedom, wealth and happiness.â\200\235 In Engeland het ons voorbeelde van British Air-

ways wat in die proses na privatisering sy arbeidsmag van 58 000 tot 35 000 verminder en 'n groot verlies in 'n wins omskep het en van British Telecom waar die waglys vir telefone oor 'n tydperk van 3 - 4 jaar van 122 000 tot 2 000 verminder het. Oor 'n periode van 5 jaar is 12 groot Staatsmaatskappye verkoop vir sowat £5-biljoen.

Vir 'n Staat om 'n Staatskorporasie of Staatsaktiwiteit te privatiseer, dit wil sê of gedeeltelik afstand daarvan te doen, voordele inhou (afgesien van hopelik hoër produktiwiteit):

1. Die Staat ontvang 'n koopprys wat hy weer op een of ander wyse kan aanwend in die ontwikkeling van die land.

2. Indien die betrokke organisasie Staatsfondse vir sy bedryf of uitbreiding ontvang het, raak die Staat ontslae van die finansiële las, wat gevolglik laer belastings impliseer.

Vervolg op bladsy 5

Trek in by die kwagga
Maak vol met trots

MEI 1985

Nuusbrief

T

Vervolg van bladsy 4

3. Deur privatisering is dit makliker om kruissubsidies wat nie absoluut geregverdig is nie, uit te faseer.

4. Veral weens 'n kleiner geneigdhed tot kruissubsidiëring in die privaatsektor, word beoogde nuwe projekte noodwendig tot 'n groter mate onderwerp aan betaalbaarheid-potensiaal. By die oorweging van verskillende projekte speel ekonomie dus die grootste rol in prioriteitsbepaling en word fondse gevolglik uit 'n finansiële oogpunt opumaal benut.

5. Vergoeding volgens prestasie/meriete, kan tot 'n groter mate in die privaatsektor toegepas word. Dit beteken 'n beter benutting van jou personeelbegroting, wat gewoonlik die grootste uitgawe-item is.

STAATSKORPORASIES

Die posisie in Suid-Afrika ten opsigte van sekere Staats- en semi-staatskorporasies is tans soos volg:

Eerstens ontvang die NOK, EVKOM, die SAUK, asook die Poskantoor tans nie een enige staatsfondse vir die finansiering van hul werksaamhede nie. Elke van hierdie organisasies moet finansieel onafhanklik funksioneer. (Daar is wel vergoeding vir dienste wat aan die Staat gelewer word soos byvoorbeeld die Buitelandse dienste van die SAUK.) YSKOR se aan-delekapitaal word deur die Staat besit (R865-miljoen) en geen dividend is daarop betaal gedurende die afgelope paar jaar nie. Die SA Vervoerdienste ontvang jaarliks 'n bedrag uit die Staatsbegroting, as bydrae tot die lewering van onekonomiese spoorpasisersdienste en wat die afgelope paar jaar gewissel het tussen 5,2% en 9,0% van SAVD se total inkomste.

Ons ken die probleme ten opsigte van spoorpassasiersdienste wat die Staat waarskynlik sal verplig om selfs aan 'n geprivatiseerde Spoorweën, 'n bydrae voort te sit. Die SAVD het in die verlede altyd 'n gedeelte van sy kapitaalverpligtinge deur middel van Tesourieleninge â\200\224 dus teen onder-markkoerse â\200\224 gefinan-

sier. Dit is verblydend dat dit die

afgelope 2 jaar verander het en daar is in 2 begrotingsjare 'n totaal van slegs R35-miljoen hiervoor bewillig (in vergelyking met R200 â\200\224 R500-miljoen per jaar die vorige 3 jaar).

As gevolg vandie relatief klein totale bydrae tot lopende uitgawe, sal privatisering nie veel aan die belastingverpligtige van die gemeenskap verander nie. Wat kan gebeur deur hierdie organisasies te privaatiseer, is moontlike hoër doeltreffendheid weens die funksionering daarvan in 'n nuwe stelsel en die waarskynlik uitfassing van subsidies op onlonende dienste. Die Staat kan ook 'n kapitaal-inkomste ontvang deur die afverkoop daarvan en natuurlik belastings op enige winste.

Ons moet onthou dat daar nie van Staatskorporasies verwag word om enige wins te toon nie. Die geprivatiseerde staatskorporasie â\200\224 indien die status quo andersins gehandhaaf word ten opsigte van sy funksies en aktiwiteite â\200\224 sal doeltreffendheid moet verhoog met dieselfde persentasie as die verlangde winsstyging wat nodig is om dividende te kan betaal, alvorens die gebruiker enige voordeel sal kan begin verwag. Ek neem aan finansieringsbeleid sal moontlik verander omdat dit baie kritiek uit die privaatsektor kry.

BETROKKENHEID

Dames en here, dit is ook so dat daar 'n groot mate van privaatsektor-betrokkenheid is in die aktiwiteite en dus die koste/uitgawekant van die

Van nou af

PERSOONLIKE
VERSEKERING

e GO IuELGIEET

]

BLS Intercom 44/2528/7

â\200\231

onderskeie Staatskorporasies. 'n Groot deel van hierdie organisasies se besteding geskied in die privaatsektor, ook deur middel van groot kontrakte wat toegeken word aan privaatorgasiasies. Mens sou dus kon stry oor die korrektheid, die noodsaaklikheid om 'n sekere uitgawe aan te gaan, maar as so besluit wel korrek is, word die doeltreffendheid van die privaatsektor dus tog benut.

KRYGKOR

Ek bespreek kortliks net twee Korporasies se posisie â\200\224 die een wat sy fondse van die Staat ontvang en die ander een finansieÃ©l onafhanklik:

KRYGKOR stel dit in hul oor-koepelende doelwit dat daarna gestreef word om die privaatsektor tot die maksimum te benut en om self nie te dupliseer wat in die privaatsektor beskikbaar is of gedoen kan word nie. Nagenoeg 70% van Krygkor se omset van R2,2-biljoen word in die privaatsektor bestee. Al voorwaardes wat hulle het vir die nie-gebruikmaking van organisasies in die privaatsektor, is waar items nie ekonomies geproduseer kan word nie, entweedens in die geval van uiters kritiese/sensitiewe toerusting.

SAUK

Die SAUK se grootste uitgawe is ten opsigte van die vervaardiging van sy televisieprogramme en waar hy meer as die helfte van die totale TV-programbegroting na die privaatsketor kanaliseer. Dit is vanjaar meer as R60-miljoen. U sien elke aand op die skerm watter groot verskeidenheid firmas van gebruik gemaak word en ons kan dit stel dat die SAUK verantwoordelik was vir die skepping van n televisievervaardigingsbedryf in die privaatsektor wat na 10 jaar bestaan uit meer as 150 organisasies. Dit sÃ© ook vir u dat daar wat die maak van

televisieprogramme aanbetref, daar
nie net bloot 'n privaatsektor-betrok-
kenheid is nie maar dat daar boonop
vrye mededinging in die vervaardig-
ing van 'n groot % van die
uitsaaiproduksiebehoeftes bestaan.
Wat radioproduksies betref, word
meeste van Springbokradio se pro-
gramme deur buiteproduksiehuise
voorsien maar vir die res is die
SAUK self vir die vervaardiging ver-
antwoordelik. In 1984 het hy egter
van 13 000 verskillende kunstenaars
en outeurs uit die gemeenskap ge-
bruik gemaak om in programme op
te tree.

Vervolg op bladsy 6

l/W%%W //M//%;//i~\201% //â\200\231//u

MEI 1985

Vervolg van bladsy 5
STRATEGIE

In oorwegings om te privatiseer is daar verskeie faktore wat aandag sal moet kry soos byvoorbeeld:

Daar kan strategiese oorwegings wees waarom die Staat verantwoordelikheid en beheer oor 'n sekere bedryf, instansie of Staatsdiensaktiwiteit wil behou. Omstandighede sal van land tot land kan verskil, want wat vir â\200\230'n ontwikkelende land van strategiese aard is, is nie noodwendig die geval vir â\200\230'n VSA of Brittanje nie.

Ons kan ook nie van die Regering verwag dat hy sy verantwoordelikheide teenoor die land semense, op andere afskuif nie.

Die Grondwet van ons land stel dit egter duidelik dat private inisiatief een van ons hoof doelwitte is. Dit is duidelik dat die Staat hierdie doelwit graag wil uitleef en die Regering sal self uiteindelik besluite oor privatisering moet neem. Ek glo dat as eerste stap die Regering dit vir homself baie duidelik moet identifiseer, met inagneming van die Grondwet, watter bedrywe of instansies vir hom as Regeerder van die hele land (geografies en al sy mense) van strategiese waarde is, en tot watter mate hy beheer en verantwoordelikheid daaroor wil behou. Dr Stef Naude se Raad op Mededinging sal seker binnekort al baie antwoorde in hierdie verband kan verskaf.

Daar sal gevalle wees waar die Staat wel â\200\230n verantwoordelikheid vir homself sien, of om een of ander rede beheer wil behou. Daar kan baie redes voor wees, onder andere polities; sekerheid; die posisie van yl-bevolkte gebiede op die platteland; of belange van individuele bevolkingsgroepe ens, veral waar die dienste wat voorsien word, gesubsidieerd is en waarvan die voortsetting teen â\200\231â\200\230n billike prys, moontlik in â\200\230n nuwe bedeling in die gedrang kan kom.

Indien daar geleentheid vir privatisering is, is die prys van die onderneming ter sprake en dit kan sekerlik probleme oplewer. Die belastingbetaler sou kon redeneer dat ondernemings wat met sy geld tot stand gekom het, nie vir 'n appel en ei aan iemand anders verkwansel mag word nie.

Indien daar besluit sou word dat die status quo van 'n organisasie gehandhaaf moet word, is die minste wat behoort te gebeur dat kundige persone wat die privaatsektor op die betrokke instansie se Raad aangestel word, (waar dit nog nie plaasvind nie). Dit geld ook vir die SAVD en Poskantoor.

GEDEELTELIKE PRIVATISERING

Indien privatisering net gedeeltelik moontlik is, dit wil sê die Staat behou nog beheer, sal besluit moet word:

of dat die hele onderneming gedeeltelik geprivatiseer word deur net minder as 50% van die totale aandeel aan die privaatsektor en die publiek beskikbaar te stel;

of daar kan besluit word om wel beheer oor die betrokke bedryf of organisasie te behou maar om sekere neutrale elemente/aktiwiteite daarvan te privatiseer deur middel van die stigting van maatskappye waarin die betrokke Staatskorporasie saam met die privaatsektor 'n aandeel het,

of sekere bene/vertakkinge van die betrokke organisasie sou op dieselfde basis geprivatiseer kon word.

Dit wil sê gedeeltelike privatisering sou of vertikaal of horisontaal kon geskied, wat ookal die geskikste is. Hoe wyer die verspreiding van aandeelhouing, hoe hoër sal die totale aandeel van die publiek/privaatsektor kan wees.

WERKNEMERS

'n Belangrike askep om te oorweeg is om aandele ook aan werknemers beskikbaar te stel. Mev Thatcher glo hieraan in haar privatiseringsprojek en dit dien daarna as goeie teenvoeter vir die ou tradisionele vakbondoptredes. Dit sal ook 'n aanpassing

in die oorskakelingsproses ver-
gemaklik en meer aanvaarbaar
maak vir die werknemers.

Ten slotte: Alvorens 'n bedryf of 'n
instansie aan die privaatsektor â\200\234te
verkoopâ\200\235 beskikbaar gestel word,
sal ons oortuig moet wees dat dit in
belang van die meeste verbruikers
is. 'n Belangrike aspek wat ter sprake
sal kom, is die voortsetting of ander-
sins die toekomstige koste van dien-
ste wat tans nie lonend is nie en in
baie gevalle is dit ongeiukkig die
ylbevolkte platteland. Verder: In 'n
kombinasie van 'n eertste en 'n
derde weÃ©reld, is kruissubsidiÃ©ring
van die soort dienste waarvoor die
Staat- en semi-Staat verantwoor-
delik is, onvermydelik. Dit sal
privatisering moeiliker maak as
elders en ek sien dit as die groot
struikelblok. In die
privatiseringsdebat hoor mens dan
ook dikwels dat die privaatsektor
geneig sal wees om net die oâ\202¬ uit te
pik. Ek moet egter byvoeg dat my eie
ondervinding met groot
organisasies in die privaatsektor sÃ©
dat mens nie kan veralgemeen nie.

Enige opbrengs wat die Staat mag
ontvang uit die verkoop van 'n Staat-
sorgaanisasie of vertakking daarvan,
behoort nie in die algemene
inkomstepoel van die Staatsbegrot-
ing gestort te word nie. Dit behoort
â\200\230'n afsonderlike fonds te vorm
waaruit of â\200\230'n nuwe strategiese be-
dryf wat die privaatsektor nie kans
sien om alleen aan te pak nie, tot
stand gebring word, of kan
aangewend word â\200\224 waarskynlik op
'n gesubsidieerde leningsgrondslag
â\200\224 ter skepping van nuwe
nywerhede, (veral klein sake-
ontwikkeling) in Suid-Afrika.

BEURSE

deelteneem en alles het glad verloop.
Mooi en baie pryse is gewen waaronder
â\200\230nreis na Durban en verblyfvir â\200\230n naweek.
Meneer Hennie Louw, Hoofbestuurder,
Kleinhandel by Trek Petroleum is die man
wat al die reÃ©lings vlot laat verloop.

Die dag om in u dagboek aan te teken vir
hierdie jaar is 19 September 1985. Spelers
en borge is welkom om nou reeds met

te tree. Ons maak weer groot staat op u
ondersteuning.

Tydens die onlangse jaarvergadering is
R8 000 ten opsigte van beurse deur
meneer Wynand Harmse oorhandig aan

Prof J P de Lange, Rektor van die Randse
Afrikaanse Universiteit.

Die J A S het vanjaar 8 beurse kon toestaan aan studente aan R A U. Hierdie beurse word
moontlik gemaak deur die pragtige ondersteuning van lede tydens die J A S-Gholfdae.

Tydens die vorige dag wat plaasgevind het op 20 September 1984 is die mooi bedrag van
R¥1 971,35 ingesamel en is die doelwit van R9 000,00 heelwat oorskry. 290 Spelers het
meneer Louw by 331-5641 in verbinding &

MEI 1985

Nuu

rief 3

Erkentlikheidsoorhandigings

Ook tydens die jaarvergadering is die volgende
erkentlikheidstoekenings oorhandig.

Meneer Wynand Harmse, voorsitter oorhandig aan meneer Willie Hancke â\200\230n
oud-voorsitters lapelwapen. Meneer Hancke kon by vorige oorhandigings
weens sakepligte buite Johannesburg nie teenwoordig wees nie. Hy was voor-
sitter 1978.

Meneer Carl Taljaard, vise-voorsitter oorhandig aan meneer Wynand Harmse,
Uittredende voorsitter â\200\230n sertifikaat van erkentlikheid asook â\200\230n oud-voorsi-
tters
lapelwapen.

NUWE LEDE

Die volgende nuwe lede word hartlik welkom
geheet. Ons vertrou dat u assosiasie metdie JAS
lank en vrugbaar sal wees.

Mnr J Coetzee
Liberty-Lewensgenootskap van Afrika Beperk

Mnr A Swart
Leephy Films

Adamstor Atelier (Edms) Beperk
Film en Televisiebedryf
Verteenwoordiger: Mnr Pieter van Vuuren

AndrÃ© van Heerden Films
Film en Televisiebedryf
Verteenwoordiger: Mnr AndrÃ© van Heerden

Coopers en Lybrand
Rekenmeesters
Verteenwoordiger: Mnr W H Boshoff

Louise Smit Produksies
Film en Televisiebedryf
Verteenwoordiger: Mev Joan Coetzer

Safprod
Sakeontwikkeling in desentralisasie verbande
Verteenwoordiger: Mnr Deon Oosthuizen

Toan Films
Film en Televisiebedryf
Verteenwoordiger: Mnr E J Wassenaar

SOSIAAL

gadering gesellig saam verkeer.

—

&

Tydens die onlangse Jaarvergadering het die volgende persone na die ver-

Mnre Hendrik Marais en Carl Taljaard gesellig saam met gades en vriendinne.

VIRU
DAGBOEK

Die volgende datums kan u
gerus nou reeds in u dagboek
aanteken.

20/06/85:
Kwartaalvergadering metmnr
Donald Masson as spreker.

22/08/85:
Kwartaalvergadering met Dr
Piet Koornhof as spreker.

19/09/85:
Jaarlikse Gholfdag.

7/11/85:
Jaardinee met die Staatspre-
sident as spreker en eregas.

Mnr Thinus Venter, Mev. Hamman, Mev. Rika Venter en Mnr Johannes Hamman
(oud-voorsitter) in gesprek tydens die jaarvergadering.

DONIAN 17

SOMMIGE VAN ONS BESTE

FINANSIELE ADVISEURS
IS SELDE OP KANTOOR.

Hulle is gedurig by hulle kliënte op kantoor.
Want ons het gevind dat dit beter is om met 'n korporatiewe kliënt in sy eie kantoor te onderhandel om ten beste aan sy komplekse finansiële behoeftes te voldoen.

Verwantskappe ontwikkel meer natuurlik en daar word vinniger vordering gemaak.
Dit is ons strategie om ons korporatiewe finansiële adviseurs in verskillende spesialisrigtings in te deel en hulle dan intensiewe opleiding in daardie besondere rigting feloce!

Daar is ook voordele verbonde aan die feit dat ons die kleinste van die groot Vyf in die bankwese is. Ons is buigsaam en in 'n posisie om vinnig te reageer, want besluite loop vinnig deur die rangordes.

~ As u meer inligting wil hê oor ons Binnelandse Korpo- ' Rus '
ratiewe Bankdlenstg, nternasionale Bankdienste, KorForatiewe y,
Finansiering of Projekfinansiering, tree met u plaaslike Trust B AN %;
|

Bank-bestuurder in verbinding. Ons bring ons kundigheid na u
kantoor. Vir persoonlike aandag

